

## **Verklaring, onderneming en toestemming van beide ouers (indien van toepassing of voog**

1. Ek, die ondergetekende, verklaar
  - a) dat al die inligting wat deur my in hierdie aansoekvorm verskaf is en alle dokumentasie wat by die aansoek aangeheg is, volledig en korrek is;
  - b) dat ek my deeglik vergewis het van die volle inhoud van die skool se toelatingsbeleid en gedragskode;
  - c) dat ek begryp en aanvaar dat toelating van die betrokke leerder onderworpe is aan die bindende onderneming deur my in paragraaf (2) hieronder gegee.
2. Ek, die ondergetekende, onderneem
  - a) dat ek die skool skriftelik en binne 'n redelike tyd in kennis sal stel indien my adres en kontaknommers verander of indien enige wesentliche feit wat die skoolbywoning van die leerder raak, intree;
  - b) dat ek die skool skriftelik en betyds in kennis sal stel van enige aansteeklike siekte in die huishouding waarvan die leerder deel is;
  - c) dat ek alle redelike stappe sal neem om te verseker dat die betrokke leerder die skool bywoon op al die dae en tye wat hiervoor bepaal is; dat ek die skool sal kontak indien dit nie moontlik is nie en dat ek dit skriftelik sal bevestig wanneer die leerder na die skool terugkeer;
  - d) dat ek ten alle tye alle redelike stappe sal neem om te verseker dat die betrokke leerder alle bepalings van die skool se gedragskode stiptelik nakom, selfs al sou ek nie noodwendig met alle bepalings daarvan saamstem nie.
3. Ek, die ondergetekende, onderneem ook dat, aangesien ek skoolfonds moet betaal, ek die dokumentasie in hierdie verband soos deur die skool voorberei, as deel van hierdie aansoek onderteken en die skoolfonds sal betaal soos daarin onderneem word of vir finansiële ondersteuning aansoek doen.
4. Ek, die ondergetekende, verleen hiermee toestemming dat hierdie leerder vir wie ek aansoek doen, aan al die goedgekeurde buitemuurse aktiwiteite van die skool, insluitende toere en uitstappies van 'n opvoedkundige aard, mag deelneem.